



50 dae saam met talle kerke in die land 2015

- ♦ Sondag 26 Julie skop ons 2015 50 dae af!
- ♦ Die reeks handel oor die saligsprekinge
- ♦ Ons vertrou die Here dat 'n groot deel van die gemeente in groepe gaan inskakel vir die 50 dae
- ♦ Ons vra voorbidding dat die Gees in harte en lewens ware geluk sal bring
- ♦ Ons bid ook vir 'n aantal persone wat gewillig sal wees om hul huise beskikbaar te stel vir groepies om byeen te kom
- ♦ Ons bid vir aantal persone wat gewillig sal wees om vir die 50 dae as 'n groepleier op te tree (Ons sal opleiding gee vir hoe en wat)
- ♦ Daar sal weer drie fassette wees waartoe ons vir jou wil vra om te "commit": dagstukkiesboekie wat elkeen elke dag lees, groepgesprekke (1 keer per week) en Sondagdienste (oor 7 weke)

☺ **Vir meer inligting kontak ds Leon van Heerden of of ds Tait of Tom Rademeyer**

☀ **Hou die afkondigings dop!**

KARWAS

Elke eerste Saterdag van die maand

Waar? Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

Pryse: was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

Tyd: 9:00-12:00

Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld.



Julie 2015

Aanbid God Drie-enig: Hy alleen is God en die bron van ware lewe

"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie" (Exodus 20:2).

Die eerste gebod waarin ons gemaan word om naas die God van die Bybel geen ander gode te hê nie, beteken ongelukkig nie dat daar nie ook ander gode in ons lewens bestaan nie.

Ons hart is juis, soos iemand dit eenkeer gestel het, 'n fabriek van gode. Net soos Aäron destyds met die goue kalf, skep elke geslag na behoefte sy eie gode.

Veral wanneer ons lewe sin en betekenis verloor en ons sekuriteit begin wankel, soek en gryp ons na dinge wat ons dink die leemtes kan vul, ons behoeftes kan bevredig en ons vertroue kan herstel en voed.

En dit kan enigiets wees.

In sy boek met 'n gelyknamige titel noem Richard Foster drie dinge of magte wat vandag as gode paradeer te wete: seks, mag en geld.

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Daar is natuurlik baie meer. TV, sport en selfs ons fiets of selfoon – hoe ontspannend, plesierig en nuttig ook al – kan 'n soort god word wat ons tyd en aandag op 'n ongesonde manier opeis.

Die eerste gebod herinner ons daaraan dat die God van die Bybel die ware bron van lewe is, dat in sy weerlose liefde vir mense soos dit in die offer van Christus sigbaar geword het, daar 'n fontein van lewe opborrel wat uniek en anders is.

Hierdie God vra onverdunde lojaliteit.

Here, God van Abraham, Isak, Jakob en ook van my – ek buig vandag weer laag voor U. Ek erken U as God, my enigste God. Amen

(Geskryf deur Carel Anthonissen vir Bybelmedia – met klein aanpassings deur Ds Leon Tait)

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **20 Julie:** Skole Open
- ♦ **26 Julie:** 50 Dae Reeks begin om 9:00
Youthbash om 18:00

Sien jou daar!



C.H.R.

24 Uur Nood Loodgietersdienste

CLIVE

16 Gelderland straat, Eloffsdal 0084

Tel: 012 335 2354

Dit is egter so dat 'n model nie op sy eie kan werk nie. Ons benodig lidmate om betrokke te raak by die Lidmaatbediening en daarom wil ons graag lidmate nooi om aan te meld vir diens in die area waarvoor jy geroepe voel om te dien. Ons het u werklik nodig!

Indien u belang stel om betrokke te raak of meer Inligting benodig, skakel gerus een van die volgende persone:

Bedieningleier: Gert Kok 072 120 2952
Rita Conradie (012) 331-0150 of 083 242 7029

BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

ELEKTRISITEIT VIR KERKE EN HUISE

Computer Haven is sedert 1992 deel van die Moot gemeenskap. Ons is 23 jaar in die bedryf omrede ons die beste moontlike diens verskaf. Kontak ons vir Kragomsetters en al u ander Rekenaar behoeftes. Kragomsetter is bykans onderhoudsvry en maklik om te gebruik. Geen geraas en bekommernis vir skade aan elektroniese toerusting nie.

BEKOSTIGBARE BEURTKRAG OPLOSSINGS

Tel 012 330 0131

Hoop om gou weer van u te hoor!
Ons is hier wanneer u ons nodig het!

Hertzog St. 1002 Villieria
mail@computerhaven.co.za




Hertzog St. en 28ste Laan
www.computerhaven.co.za

LIDMAAT-BEDIENING

Die Lidmaatbediening het sedert die begin van hierdie jaar 'n nuwe bedieningsmodel geïmplementeer. Die model impliseer vyf belangrike fokus areas met betrekking tot die bediening van lidmate (nuwe lidmate sowel as bestaande lidmate), naamlik

- ◇ Nuwe lidmate
- ◇ Bedieningspunt
- ◇ Kommunikasie/Media
- ◇ Versorging
- ◇ Nasorg en
- ◇ Toerusting

Die detail van hierdie fokus areas word in die onderstaande illustrasie uitgebeeld:



OMGEE-BEDIENING

Liewe vrou van Rietfontein:

Ons nuwe bybelstudie reeks by Vroue Wat Glo begin die week, kom stap saam ons n pad van heelword.

Stiltetydgids - 45 dagreise na heelheid

Bitter min mense kom ongeskonde van die lewe af. Om stukkend te wees diskwalifiseer jou nie vir die lewe nie, maar dit sou dwaas wees om jou gebrokenheid te ontken.

In hierdie stiltetydgids nooi Annes Nel jou uit om jou persoonlike reis na heelheid enduit te loop. Soms is hierdie reis ongemaklik en selfs seer, maar die vrug daarvan is oorvloedig. Want God verstaan stukkende mense. By Hom is daar genesing beskikbaar.



FAMILIE-BEDIENING: Junior Kategese



Vrugte van die Gees – Gal. 5: 22-23



Die vrug van die Gees is **Liefde**

Die vrug van die Gees is **Vreugde**

Die vrug van die Gees is **Vrede**

Die vrug van die Gees is **Geduld**

Die vrug van die Gees is **Vriendelikheid**

Die vrug van die Gees is **Goedhartigheid**

Die vrug van die Gees is **Getrouheid**

Die vrug van die Gees is **Nederigheid**

Die vrug van die Gees is **Selfbeheersing**



Kuierhoekie “Tooi Turkoois vir Bejaardes”

Tooi Turkoois vir Bejaardes is 'n veldtog om die publiek aan te moedig om bejaardes met liefde, respek, geduld en eerbied te sien en te behandel.

Kuierhoekie was bevoorreg om op 20 Mei 2015 deel te wees van sowat 500 seniors wat saam met Tooi Turkoois vir Bejaardes by die Voortrekkermonument gekuier het.

Ons was hartlik ontvang met 'n geskenkie en lekker warm koffie of tee.

Daarna het die Trio ons vergas op hulle pragtige musiek en kwinkslae.

Na heerlike versnaperinge het ons die Monument van nader gaan beskou. Party het die friese en tapisserieë in die Monument bestuur. Ander het die gerieflike hysbak gebruik om die wonderlike uitsig in al die windrigtings oor Pretoria rustig geniet.

Ons het die uitstappie afgesluit met piekniek op die sypaadjie

Dankie aan die organiseerders van Tooi Turkoois vir Bejaardes vir die veldtog en die heerlike dag wat hulle vir die bejaardes georganiseer het.

